

# AANKONDIGINGE

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat –  
**Martin en Lize Jacobs** van Korhaanstraat 75, Monumentpark.  
**Rika van Tonder** van Koelmanstraat 77, Alphen Park.  
 Indien jy 'n lidmaat wil word, kan jy na die erediens die predikant by die Nagmaaltafel ontmoet en jou inligting in die Nuwe Lidmate boek invul.  
 Jy kan ook die kerkkantoor skakel 012 460 8570.

## Ons dink aan

**Wim Slabbert** wat in Life Groenkloof hospitaal is.  
**Lelani Basson** wie se moeder baie siek is in Wilgers hospitaal.

## Verjaarsdae 2 Februarie - 8 Februarie

**Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!**

### 2 Februarie

Sippu Denton  
 Philda du Toit  
 Danie Joubert  
 Lorenzo Lamprecht  
 Karien Meiring  
 Petro Roux  
 Emelia Swart  
 Nicholie van Biljon  
 Nick van der Merwe  
 Ettienne Vreugdenburg

### 3 Februarie

Ona Ackermann  
 Yvonne Badenhorst  
 Dian Broodryk  
 Carike den Boer  
 Datis du Preez  
 Kallie Erasmus  
 Mila Erasmus  
 Frances Seeliger  
 Cathrine van Staden

### 4 Februarie

Faan Barnard  
 Morgan Booysen  
 Dawid de Villiers  
 Sheliza de Wet  
 Danie Lombard  
 Pieter Lourens  
 Gideon Nel  
 Malan Nel  
 Marzé van Breda

### 5 Februarie

Milanka Cloete  
 Vanessa Colyn  
 Paul de Klerk  
 Renier Holtzhausen  
 Iné Keun  
 Karli Lichthelm  
 Marli Smith  
 Mickailyne Terreblanché  
 Wian van Niekerk  
 Jos Wium

### 6 Februarie

Rohan Billman  
 Karlien du Plooy  
 Jeandre Hanekom  
 Heinz Kunzmann  
 Karina Pont  
 Gawie Roets  
 Kylie Steenkamp

### 7 Februarie

Devan Böhmer  
 Stella Janse van Rensburg  
 Maxie Kriek  
 Willie Pienaar  
 Chantel Strydom  
 Rolan-Petr Strydom  
 Lana-Louise van Aardt  
 Alet Venter

### 8 Februarie

Anema Denton  
 Estelle du Plooy  
 Frans Naudé  
 Ruben Oberholzer  
 Petro Oosthuizen  
 Arne Rademeyer  
 Marco Shawe  
 Talita van der Merwe



## Erediensversorgers - 9 Februarie

08:30	10:00	18:00
Hein Hamann (Koördineerder) Bennie Coetzee Ria Coetzee Christo du Preez Elma de Bruin Poets van der Vyver Gustie van der Vyver Kotie Perold	Alex Bosman (Koördineerder) Altus Lambrecht  Graad 5	Danie Hoffman (Koördineerder)  Graad 9

## Deurdiens - 9 Februarie

08:30	10:00	18:00
Martitia de Bruyn Magdaleen du Plooy	Adelle de Beer Graad 5	Willem Wannenburg Graad 9

## Teespan - 9 Februarie & 16 Februarie

9 Februarie	
08:30	10:00
Hanna & Anton Pienaar Cathy Pretorius Nelia & Anton Prinsloo Suzette Bester	Elsabé & Leroy Olivier Elize Pistorius Sylvia Bosch
16 Februarie	
08:30	10:00
Vinknes Omgeegroep	Corné & Pieter Grobler Lizelle & Dirk Grobler

## NG Gemeente Stellastraat

**Tel:** 012 460 8570  
**Faks:** 086 480 7844  
**Epos:** info@stellastraat.co.za  
**Stellastraat 158**  
 Waterkloof  
 0181  
[www.stellastraat.co.za](http://www.stellastraat.co.za)

**Bankbesonderhede:**  
 Bank - ABSA  
 Tjekrekeningnommer  
 540 580 022  
 Takkode - 632 005



## Soeklig – Hoe lees jy jou Bybel? Vanaand 19:00

Die middelpunt van die praktiserende christendom is die Bybel. Ons geloof en ons lewe word gebou op wat ons in die Bybel lees. Ons aanvaar die Bybel as God se woorde aan ons.

Maar die Bybel het ook die christendom se achilles hiel geword. Elkeen wat 'n Bybel het klim op sy eie blêrkas en verklaar dat hy of sy weet hoe om die Bybel te lees en te verstaan. En die wat nie na hy of sy sê verklaring luister nie, is op 'n dwaalspoor.

In hierdie kwartaal se Soeklig-aande, gaan ons die dominees van Stellastraat vra hoe lees hulle die Bybel. Hoe het dit gekom dat hulle die Bybel lees en verstaan soos hulle dit nou doen? Is daar iets wat vir hulle on-ondershandelbaar is as dit by Bybel-lees kom? Is daar iets wat hulle onseker maak en dalk is hulle te bang om dit te sê as dit by die Bybel kom?

Kom luister en vra jou vrae as Stellastraat se dominees hulle pad met die Bybel probeer verduidelik. Vanaand 19:00 is dit Tienie se beurt. Ons kom in die bo-vertrek van die kerkkantoor-kompleks bymekaar.

## Was Jesus se woorde die saambindende krag? Bybellees Woensdag

Watter impak het die woorde wat Jesus op die berg geuiter het – die bergpredikasie – op die vorming van die christendom gehad?

Tydens Woensdag se Bybellees gaan ons 'n vergelyking maak tussen die woorde van wysheid van Jesus in die Bergpredikasie en die woorde van wysheid wat in die brief van Jakobus voorkom. Daar is duidelike ooreenkomste. Was dié wysheidsuitsprake die eerste saambindende krag vir die eerste Jesusvolgelingen voordat Paulus later die kruis as simbool en as dié aanraking van God verkondig het? Ons sien mekaar Woensdag 09:00 in die konsistorie.

Vandag word Nagmaal bedien in vier van die eredienste wat in Stellastraat gehou word. Baie welkom vriende en familie wat vandag saam met ons in die kerk is.

En na die 10:00 erediens, so omtrent 12:00, gaan ons as gemeente saam eet. Almal wat wil. Daar is vuur en lekker pap. Bring jou vleis, drinkgoed en eetgerei en kom kuier lekker saam in die lushof!

Eredienstye	2 Februarie 2020	9 Februarie 2020
08:30 Erediens	Tienie Bosman	James Kirkpatrick
10:00 Erediens	Anton Pienaar	Fay van Eeden
15:00 Faith Community	Peter Maruping	Peter Maruping
18:00 Erediens	Fay van Eeden	Tienie Bosman
18:00 Adoramus	Willem Nicol	Anton Pienaar



## Datums om dop te hou!

**2 Februarie 2020**  
 Nagmaal  
 Gemeente-ete  
 19:00 Soeklig

**5 Februarie 2020**  
 09:00 Bybellees

**6 Februarie 2020**  
 Snr lidmaat- byeenkoms

**9 Februarie 2020**  
 19:00 Soeklig

**12 Februarie 2020**  
 09:00 Bybellees

**16 Februarie 2020**  
 19:00 Soeklig

**19 Februarie 2020**  
 09:00 Bybellees  
 Boek- en fliekbespreking

**23 Februarie 2020**  
 19:00 Soeklig

**26 Februarie 2020**  
 Aswoensdag  
 09:00 Bybellees  
 19:00 Aswoensdagdiens

**27 Februarie 2020**  
 19:00 Jong volwassenes  
 kuieraand

## Hierdie poppie is nie ligte vermaak nie! Fliekbespreking 19 Februarie



Die rolprent-kritikus Leon van Nierop sê dit is nie ligte vermaak nie. En hy gee die rolprent Poppie Nongena nege uit tien in sy beoordeling. Die filmweergawe van Elsa Joubert se boek *Die swerfjare van Poppie Nongena* het die naweek in teaters begin wys.

Ons gaan die film bespreek tydens ons bottel-en bordaand op 19 Februarie. Maak asseblief seker dat jy daarna gaan kyk, of as jy wil, lees weer die boek ook.

Die onderwerp is deel van die werklikheid van ons lewens en het vandag nog 'n invloed op baie mense se gevoelens mekaar.

Ons mag nie kop in die sand steek nie. Kom ons gaan kyk daarna en probeer die tyd waarin ons lewe, verstaan. Onthou, elkeen van ons is 'n resesent uit eie reg!

## Senior lidmate Toeka en nou Donderdag 10:00

Eerskomende Donderdagoggend 10:00 kom al die senior lidmate vir die eerste keer vanjaar bymekaar. Ons gaan heerlike koek en tee geniet en 'n vrolike musiekprogram, *van Toeka tot Nou*, gaan deur Isak en Marita aangebied word. Anton gaan ook 'n bietjie inligting deurgee van die nuutste internasionale navorsing oor oud-word. Wie van ons gaan 125 jaar oud word, is die pilletjies wat plooië gaan uitstryk al op die mark, en wanneer gaan ons 'selfde-dag nuwe knieë' by Builders warehouse kan koop? En nog sulke drome.

### Kom sing saam in Stellastraat - Dinsdagaand 18:30

Dinsdagaand 18:30 skop Stellastraat se koor (kantorei) vir 2020 af. As jy wil saamsing vanjaar, sal ons jou graag wil sien Dinsdagaand by die orrel. As jy meer wil weet, praat asseblief met Maricus.

## Johan van der Sandt en Brummnet 23 Februarie

Een van die mense wat 'n diep musikale spoor in Pretoria en Suid-Afrika gelaat het, is Johan van der Sandt. Johan is 'n oud-lidmaat van Stellastraat en woon tans in Italië waar hy 'n professor in koormusiek is.

Op Sondag 23 Februarie tree Johan van der Sandt en sy Italiaanse koor, *Brummnet*, tydens die 08:30 erediens in Stellastraat op. Jy kan dit tog nie misloop nie!

### Staptoer vir jongmense 20 Maart

Die jongmense gaan stap. *Kingdom trials*. Kontak asseblief vir Willem Wannenburg (084 845 8936, willemwannenburg@gmail.com) as jy wil gaan saamstap. Die kostes is R260 per persoon.

Die datums vir die volgende twee *Digby U stil oggende* is Vrydag 14 Februarie en Saterdag 15 Februarie vanaf 9:15-12:15 by die kerk. Die bywoning is gratis of 'n donasie in die dankofferkis in die kapel. Laat weet asseblief indien jy plek wil bespreek deur 'n epos te stuur na marita.roos@netactive.co.za en dui ook jou gekose datum aan. Jy kan haar ook kontak by 082 878 0144.

### Die jonges gaan "Kom ons braai" op 27 Februarie

Dit gaan 'n lekker kuieraand vir jong volwassenes wees. In die lushof 18:30 vir 19:00. Tema is: *Kom ons braai* (allá TV). Die inskryfkoste is R50, bring jou eie voorskoot, braaitang en drinkgoed. Die res is daar. Bespreek by die kerkkantoor of by Fay.

## Wat van dié wat agterbly? Bottel- en bordaand 11 Maart

Daar is omtrent nie 'n mens wat nie hand opsteek nie. Wie het kinders wat in die buiteland bly? Wat dalk permanent daar gaan bly?

Op Woensdag 11 Maart gaan ons praat oor almal wat agterbly. Daar is so baie gesinne wie se kinders, ouers of familie na die buiteland ge-emigreer het. Wat gebeur met die wat agterbly? Dr Sulette Ferreira is 'n kundige wat met emigrasie werk en het baie navorsing gedoen oor die onderwerp. Tydens die bottel-en bordaand van 11 Maart gaan Sulette vir ons vertel wat die afgelope dekade gebeur het, en hoe mense die weggaan van hulle geliefdes hanteer.

### Spesiale versoek vir 'n huishulp

Daar word gesoek na 'n betroubare huishulp vir iemand wat ongesteld is. Kontak asseblief vir Tienie as jy kan help.

## Die dominees kom aan die Woord

- James Kirkpatrick



Die Bybel is 'n baie besondere boek. Dit is 'n tipe stelling wat jy van 'n dominee kan verwag en min kerkmense sal daarmee stry. Selfs al lees hulle dit nie gereeld nie.

Tog dink ek die Bybel kry nie genoeg erkenning en word nie genoeg waardeur nie. Veral nie deur skrywers van boeke oor lewensin en geluk nie. My besig wees die afgelope paar jaar met die wysheidstekste in die Ou Testament het dit vir my opnuut onderstreep. Vir lank was dit van die verwaarloosde gedeeltes in die Bybel. En ook dié wat die meeste misverstaan is.

Dit gaan in boeke soos Spreuke, Job en Prediker nie oor "die hemel en hoe om daar te kom" nie. Dankie tog, hier het ons iets wat ons wil help met "hoe om op aarde te leef"! Dit is juis op dié punt waar ek dink die onderwaardering van die Bybel lê.

Ek lees heelwat wat in die populêre sielkunde en ander gedragswetenskappe oor menswees en menslike gedrag geskryf word. En dikwels word insigte aangebied asof dit gister bedink is. Sonder enige aanduiding of erkenning dat dit nie sulke nuwe insigte is nie.

In baie van die boeke het ek in die kantlyn 'n aantekening wat sê: "Sien Spreuke" of "Dit het die Josefsverhaal al gesê" Aan die eenkant is dit goed dat die moderne skrywers die ou wysheid lewendig hou. Aan die ander kant wens ek net hulle was meer erkentlik oor waar hierdie insigte vandaan kom. Die grootste verlies lê egter op 'n ander vlak.

Die Bybelse wysheid is raad aan mense wat "met ontsag voor die Here wil leef (in die vrese van die Here)". Hierdie diep godsdiensige wortel van die sin van die lewe ontbreek by die meeste van die "wyses" van ons tyd. Dit alles bring my by die eintlike punt.

Jy weet nie wat jy mis as jy nie die Soekligaande op Sondaggaande gaan bywoon nie. Vir die volgende vier weke gaan die gemeentedominees een na die ander geleentheid kry om te verduidelik hoekom die Bybel vir hulle belangrik is.

Ons gaan ook 'n bietjie insig kry oor hoe hulle elkeen met die Bybel werk. Of dalk vertel hulle ons hoe die Bybel met hulle werk! Vanaand is Tienie aan die w(W)oord. In die daaropvolgende Sondae is dit Fay, Anton en James se beurt.

**SOEKLIG**  
NG GEMEENTE STELLASTRAAT

### Adoramus in die Kapel

Sondaggaand om tien voor ses vir sesuur lei Willem ons diens.

#### DIS NIE MEER IN DIE KONSISTORIE NIE, MAAR STEEDS IN DIE KAPEL.

Die internasionale leesrooster neem ons na die Saligsprekings, Matteus 5:1-10. Ons stel ons daaraan bloot dat God met ons praat oor: Wat kenmerk die lewe van die volgelinge van Jesus van Maandag tot Saterdag? Hulle is so anders as die suksesmense van ons wêreld. Ons vier Nagmaal en kuier na die tyd met verversings.

### Biblioteek

Soms verloop die lewe glad nie soos ons dit wil hê nie, want ons fokus op ons omstandighede of ons probleme in plaas van die potensiaal waaroor ons beskik. Ons moet ophou om te vra "Hoekom ek?" en eerder vra "Wat volgende?" Lees meer in John Mason se boek *Seize Today: How asking the right questions will change your life*.

Vind hierdie nuwe boek in die **G-afdeling** in die biblioteek.

### GJG-Omgeegroep

Die **GJG-Omgeegroep** kom op **Woensdag 5 Februarie 2020** om **09:30** in die **biblioteek** bymekaar.

Nuwe lede, oud en jonk is welkom!  
Skakel gerus vir Joyce 072 804 6561.

### Olivierstraat - pastorie is te huur

Ruim gesinswoning te huur met 4 slaapkamers, twee vol badkamers, dubbelmotorhuis, twee groot leefvertreke, aparte eetkamer sowel as 'n studeerkamer. Pragtige kombuis met aparte opwas-area. Lieflike tuin en goeie sekuriteit. Kontak: Eunice van Rooyen by Uysie de Klerk Eiendomme. Selfoon: 076 111 22 38 of e-pos: eunice@uysiedeklerk.co.za

### Verlore goedere

Kom kyk gerus in die binnehof of een van die items nie dalk aan jou behoort nie.